

## God se wysheid in Openbaring 1-11 (OP5)

### Openbaring 1:1-8

16 Augustus 2020

Met die uitsondering van laasweek, het ons gedurende die afgelope 13 preke deur Openbaring 1-11 gewerk. Ek het in die verlede al opgemerk dat hierdie 11 hoofstukke die eerste hoofdeel van die Boek Openbaring uitmaak. Soos ek laasweek aangedui het, wil ek graag die geleentheid gebruik om vanoggend bietjie terug te staan en oorkoepelend te kyk na hierdie 11 hoofstukke. Vir my persoonlik help so 'n geheelbeeld om nog groter waardering vir die boek te ontwikkel, en natuurlik om die argument in die boek beter te verkeer, en te onthou. Ek wil dit hanteer onder die tema "God se wysheid in Openbaring 1-11".

Laasweek het ons na Job 28 gekyk met die doel om meer te leer oor wysheid. Die belangrike aspekte van wysheid wat ons daar gesien het wat ek vanoggend wil gebruik as ons na Openbaring 1-11 kyk, is die volgende:

- Net God weet waar wysheid is, en hoe jy dit kan vind (Job 28:23). Hy is dus die oorsprong van wysheid. Ons het gesien dat God die wysheid in Sy werk vasgestel het, dit deurvors het, dit gesien het, en dit vertel het (Job 28:27). In Job 28 word spesifiek gekyk na die wysheid wat God in 'n donderstorm geplaas het, maar uit Job 38-41 en Pred 3:14 is dit duidelik dat hierdie wysheid orals in God se werk te vind is.
- Ons het ook gesien dat tot die mate wat jy hierdie wysheid rondom jou raaksien, tot daardie mate groei jy in vrees vir God. Wanneer jy die wysheid rondom jou raaksien, beteken dit dat jy ook wys word. Die wysheid is nou nie meer net beperk tot die donderstorm nie – jy wat in vrees voor die God agter die donderstorm staan, het nou ook wysheid.
- Ons het egter ook gesien dat wysheid verborge is vir al wat lewe (Job 28:21), en boonop ken die natuurlike mens doodeenvoudig nie die waarde daarvan nie (Job 28:13). Hulle gaan deur die lewe sonder om dit raak te sien of te waardeer. Die doderyk getuig hulle het maar net die gerug daarvan gehoor.

Kom ons keer nou terug na Openbaring 1-11.

#### Opsomming van Openbaring 1-11

Ek wil begin deur jou oorsigtelik te herinner aan dit wat ons in hierdie hoofstukke gelees het. Blaai saam met my deur Openbaring 1-11:

- Op 1:1 maak vir ons die doel van die boek bekend. Die boek bevat 'n openbaring van God aan Sy dienaars (d.w.s. die gelowiges). Hierdie openbaring se inhoud handel oor die dinge wat gou (binnkort) moet gebeur. Die openbaring kom van God, via Jesus, via 'n engel, via Johannes na die gelowiges. Neem asseblief kennis. Hierdie is 'n openbaring van God. Laasweek het ons gelees dat wysheid verborge is vir alle mense, en dat dit slegs by God te vind is. Dit skep die verwagting dat as jy jou ingrawe in hierdie openbaring, gaan dit vir jou wysheid/insig gee – wel dit is wat Openbaring 1:3 bevestig.
- Die eerste onderdeel van hierdie 11 hoofstukke begin in Op 1:9. In Op 1:9-20 lees ons van die visioen wat Johannes gesien het van die verheerlikte Seun van die Mens. Onder andere het ons gelees dat Hy oë het wat soos vuurvlam en dat daar uit Sy mond 'n swaard met twee snykante kom. In Sy regterhand hou Hy die sewe sterre vas, wat die leraars is van die sewe gemeentes. Die sewe gemeentes word as sewe lampe voorgestel. In Op 2-3 volg die sewe briewe aan die sewe gemeentes, waarin die verheerlikte Seun van die Mens Sy bevindinge

oor die toestand in die gemeentes bekend maak. Ons het destyds gesien dat Jesus die volgende aspekte in die gemeentes geweeg het: hulle denke/oortuigings, hulle dade, hulle harte/motiverings, en of hulle in aldie hierdie areas groei. Verder het Hy ook in elke brief hulle herinner aan die heerlike oorwinningsprys wat wag vir elkeen wat hoor en luister, en Hy roep ook elkeen op wat kan hoor om te luister.

- Die tweede onderdeel begin in Op 4. Ons lees in Op 4 van daardie aangrypende troonvisioen, waar aldie persone van die Drie-Eenheid teenwoordig is, met die 4 lewende wesens, die 24 ouderlinge en miljoene engele om God se troon. Hulle besing God as die Skepper (en dus Eienaar van alles, Op 4:11), as die Een wat is, en was, en sal kom (dus as die stabiele en betroubare God, Op 4:8), as die Almagtige (wat dus alles kan doen wat Hy wil, Op 4:8) en die 3x heilige God (wat dus geen sonde duld nie, Op 4:8). In Op 5 lees ons dat God in Sy regterhand 'n boekrol vashou waarin Sy raadsplan opgeteken is – en dat slegs die Lam/Leeu waardig is om dit oop te maak.
- Op 6 beskryf die oopmaak van die eerste 6 seëls. Die eerste 4 seëls beskryf allerlei vorms van swaarkry vir die mense, seël 5 beskryf gelowiges wat doodgemaak word a.g.v. hulle getrouheid. Hulle siele eindig onder die wierookaltaar, waar hulle vra hoe lank God nog die oordeel gaan uitstel, en hulle word vertel dit sal nog 'n rukkie duur tot al hulle medegelowiges ook ingekom het. Met die 6de seël lees ons van die ongelowiges wat die berge invlug en vra wie sal ooit staande kan bly wanneer God oordeel.
- Op 7 beskryf die antwoord op hierdie vraag. Aan die een kant lees ons van die 144 000 gelowiges uit elke stam van Israel wat almal gemerk is met die seël van die lewende God op hulle voorkoppe, en aan die ander kant dat hulle na hierdie lewe deel uitmaak van 'n groot menigte in die hemel wat nie getel kan word nie. In Op 8:1-5 lees ons van die oopmaak van die 7de seël waaruit blyk dat die gebede van die gelowiges bydra tot die aanbreek van die finale oordeel, en ook die blaas van die sewe trompette.
- Die derde onderdeel word vanaf Op 8:6 beskryf met die blaas van die sewe trompette. Die eerste 4 trompette beskryf fisiese lyding vir mense, wat nie so verskillend is van die swaar wat in seëls 1-4 beskryf is nie. Die fokus is op die ongelowiges wat hulle moet bekeer deurdat hierdie swaarkry deel van God se oordeel oor hulle is, asook 'n demonstrasie van God se almag. In trompet 5 lees ons dat die Satan die ongelowiges sodanig mislei dat hulle hulle lus vir die lewe verloor, en in trompet 6 lees ons dat selfs al sterf 'n derde van die ongelowiges, bekeer die ander twee derdes hulle steeds nie.
- In Op 10 lees ons van die klein boekie wat Johannes moes eet. Dit is God se geopenbaarde wil (teenoor die boekrol in God se hand wat God se raadsplan is), d.w.s. die Bybel. Hierdie boekie bevat nie alle kennis nie, maar wel alles wat God aan die mensdom wil openbaar. Johannes (en dus die gelowiges) moet die soet en die bitter van die boekie eet. In Op 11 volg die visioen van die twee getuies. Hieruit leer ons dat die gelowiges (wat die getuies is) behoorlik toegerus is om te getuig (hulle het die Woord, die Heilige Gees en mag bid – selfs vir God om oordele te stuur). Hulle getuig totdat alle gelowiges ingekom het, en dan word hulle opgeroep na die hemel.
- Op 11:15-19 beskryf die blaas van die sewende trompet. Dit is die finale oordeel oor die dooies/ongelowiges. Terselfdertyd beskryf dit die gelowiges wat hulle loon ontvang, dit is hulle heerlikmaking, waar hulle in die hemel God se oop tempel en die sigbare verbondsark sien.

Ek hoop jy sien die drie onderdele van die eerste helfte van die boek Openbaring. Die eerste handel oor die sewe gemeentes gedurende die tyd tussen Jesus se eerste en die tweede koms, die tweede handel oor die sewe seëls, wat juis dui op wat die gelowiges (d.w.s. die geseëldes) kan verwag in

hierdie tyd soos wat hulle in hierdie wêreld leef, en die derde deel beskryf die blaas van die sewe trompette wat dui op wat die ongelowiges kan verwag in hierdie tyd tot met die wederkoms.

### Die wysheid in God se openbaring

Ek wil nou 'n paar lyne trek tussen wat ons in Job 28 van wysheid geleer het en wat ons hier in Op 1-11 leer:

- God is die bron van wysheid: In Job 28 het ons gesien dat net God weet waar wysheid is en hoe jy dit kan kry. Hy het dit vasgestel, deurvors, gesien en daarvan vertel. Maar dit is ook wat ons hier in Openbaring sien. God het die dinge wat binnekort moet gebeur, vasgestel. Dis waaroor die boek Openbaring handel. God het dit tot so 'n mate vasgestel, dat Hy dit in 'n boekrol opgeteken het. Onthou daardie lofprijsing van die 4 lewende wesens en 24 ouderlinge in Op 4 – hulle besing God as die Skepper (wat beteken dat Hy as Eienaar mag besluit wat met Sy handewerk gaan gebeur), as die Een wat was, en wat is en wat kom (wat beteken Hy is onveranderlik, en daarom kan Hy Sy plan neerskryf in 'n boekrol – die plan gaan nie verander nie), as die Almagtige (dit beteken niks bedreig die uitvoering van Sy plan nie) en as die 3x Heilige (dit beteken dat die doel van Sy plan is dat daar 'n koninkryk sal wees van priesters wat ook heilig is en Hom sal verheerlik soos Hy waardig is). Ons sou kon sê, soos ons in Job lees, dat God dit deurvors het en gesien het hierdie plan van Hom is volmaak. En sê Job, God het dit vertel. God is so seker dat daar wysheid in Sy plan is, dat Hy dit vooraf vertel het – aan Jesus, die engel, Johannes en eventueel aan ons! God is absoluut seker dat daar soveel wysheid in Sy plan is, en dat hierdie plan deur niks omvergewerp gaan word nie, dat Hy dit aan die mensdom op skrif gee – en verklaar Hy sál Sy verborge bedoeling met alles bereik!
- God se wysheid is verborge en word nie deur die natuurlike mens waardeer nie: Job het ons geleer God se wysheid is verborge vir alle vorme van lewe. Die gedrag van die natuurlike mens selfs in die 21 ste eeu bevestig dat hierdie wysheid steeds verborge is. God sal dit bekend moet maak, anders gaan die mens dit mis, en in die doderyk sê hulle het ook net die gerug daarvan gehoor. Genadiglik het God dit bekend gemaak – deur Jesus, die engel, Johannes aan ons.

Maar Job het ons verder geleer dat die mens ook nie die wysheid waardeer nie. Ons sien dit keer op keer in Op 1-11. Die trompette kan maar blaas. Selfs met die blaas van die sesde trompet lees ons dat die oorblywende twee derdes wat nie gesterf het nie, t.p.v. God se waarskuwende trompette, hulle steeds nie bekeer nie. Met die sewende trompet eindig hulle woedend as hulle verstaan hulle is mislei deur die Satan. Maar let ook op, dat God in Sy wysheid besluit het om die detail van Sy verborge plan aan die gelowiges bekend te maak, en dat Hy van hulle verwag om, saam met die Heilige Gees, te gaan getuig om die res van die mensdom bewus te maak van hulle dwaasheid. Ons het 'n verantwoordelikheid om die mensdom na wysheid te lei.

Ongelukkig is dit nie net ongelowiges wat die waarde van wysheid onderskat nie. In die sewe briewe aan die sewe gemeentes is dit duidelik dat daar in vyf van die gemeentes 'n gebrek aan insig en wysheid is. In seëls 1-4 is dit selfs ook die gelowiges wat onderwerp moet word aan swaarkry – want hulle skiet steeds tekort aan die eise van die 3x heilige God. Hulle moet ook steeds meer waardering leer vir God se wysheid, steeds groei in vrees vir God – en daarom is daar ook in hulle lewens swaarkry.

- God kan in Sy wysheid meer as een doel met dieselfde situasie bereik: In ons oordenking van Job 28 het ons tot die slotsom gekom dat God dieselfde donderstorm kan gebruik tot seën vir sommiges, en tot oordeel vir ander. Ons sien dieselfde in Openbaring. As jy die detail van die eerste 4 seëls (wat meer gerig is op die gelowiges) vergelyk met die detail van die eerste 4 trompette (wat meer gerig is op die ongelowiges), is daar heelwat ooreenkomste. Vir die gelowiges is hierdie swaarkry 'n geleentheid tot groei tot heerlijkheid, en vir die ongelowiges is dit 'n oproep tot bekering. God is wys. Hy kan verskeie situasies gelyktydig bestuur. En in elke situasie kan daar 'n verskeidenheid uitkomst wees waarna Hy gelyktydig werk. Dink maar aan die verskeie uitkomst deur die gebeure met Job, waarna ons laasweek gekyk het.
- God gebruik in Sy wysheid beide die skepping/wêreldgebeure en die Woord: Ons praat van God se algemene openbaring in die skepping en God se spesifieke openbaring deur die Woord. As jy deur Op 1-11 lees, is dit dikwels gebeure in die skepping (soos hongersnood, see word getref, peste, sterftes deur die swaard) wat die swaar tye bring. Maar jy het God se spesifieke openbaring nodig om hierdie gebeure in die skepping in die regte perspektief te sien. Dis eers as die spesifieke openbaring van God uitwys dat die hongersnood of pes 'n waarskuwende trompet van God is wat oproep tot bekering, dat ons die wysheid ontwikkel om te verstaan waarmee God besig is. Die belangrike punt is egter dit: die ongelowiges het net God se algemene openbaring. Dit is net die gelowiges wat God se algemene en spesifieke openbaring het – daarom het hulle die groot verantwoordelikheid om die mensdom op te roep tot wysheid en vrees vir God!
- God se wysheid werk konstruktief na Sy doel: Daar word dikwels geredeneer die wêreld gaan agteruit – al meer natuurrampe, al meer geweld, al meer onvergenoegdheid onder die mensdom. Maar as jy Op 1-11 lees, kom jy tot 'n ander insig (wysheid): God waarsku al hoe meer dringend dat die tyd uitloop vir die mensdom om hom te bekeer – die sewende trompet is op die punt om geblaas te word. Dit is genade dat God al hoe meer dringend waarsku. Verder word die getal gelowiges wie se siele onder die altaar wag, al hoe meer. Ons kom al hoe nader aan die verborge bedoeling van God met alles. Ja, selfs al gaan die kerk op die ou end dood, is dit op sigself bloot omdat die getuieniswerk van die kerk voltooi is. Vanuit God se perspektief, en vanuit Sy koninkryk se perspektief, vorder alles volgens plan. Die partye wie se planne nie vorentoe gaan nie, is die Satan en die ongelowiges. Hulle roep gefrustreerd uit: “Berge val op ons, bedek ons van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam”. Hulle eindig woedend met die sewende trompet se blaas. Maar dit is omdat hulle dwaas optree en nie ag slaan op die verwagtinge van die wyse God nie.
- God, in Sy wysheid, beskryf ons tyd aan die hand van 3 dimensies: In Op 1-11 beskryf God die tyd tussen Jesus se eerste en tweede koms aan die hand van drie dimensies: gelowiges binne gemeentes (sewe briewe), gelowiges se ervarings in die wêreld (sewe seëls) en die ongelowiges se ervarings in die wêreld (sewe trompette). Ek is oortuig ons sal wys wees as ons ook hierdie dimensies gebruik om sin te maak van wat rondom ons gebeur:
  - Gemeentelike lewe is belangrik vir 'n gelowige. Dit is hier waar die gelowige opgebou en toegerus moet word vir sy taak. Maar die gelowiges moet verstaan dat die gemeentes uit onvolmaakte mense bestaan wat nog moet groei. Verder lees ons dat ongelowiges selfs ook die kerk kan binnedring. Daarom moet die gelowiges wakker wees om die impak van die dinge wat gebeur op die suiwerheid van die kerk te waar te neem, en dienooreenkomstig op te tree.
  - Gelowiges leef egter nie net binne die gemeentes nie. Hier word hulle toegerus vir 'n grootse taak wat hulle in die wêreld moet vervul. Hier kan hulle baie teenstand verwag. Maar God verseker hulle dat hulle gemerk is met Sy seël, en dat Hy die

teenstand wat hulle beleef, konstruktief gebruik om hulle voor te berei vir hulle loon wanneer Hy Sy verborge bedoeling met alles bereik.

- Ongelowiges, daarenteen, moet gekonfronteer word deur die gelowiges (in samewerking met die Heilige Gees). Maar die gelowiges moet verstaan dat daar teenstand gaan wees. Wanneer dit gebeur moet hulle nie moedeloos word en begin twyfel aan God se plan nie. Trouens, dit moet vir hulle bevestiging wees God se plan is op koers – dit staan so geskryf in die boekrol en die klein boekie!

### Toepassing:

Kom ons dink aan die Covid19 pandemie as 'n toepassing.

- Omdat God die Een is wat is, en was en kom (dus nie van plan verander nie) en omdat Hy die Almagtige is (en dus nie toelaat dat iemand iets buite Sy wil vermag nie), moet die pandemie in die boekrol in God se hand opgeskryf wees. Dit is immers deel van God se raadsplan. Boonop bevat die klein boekie wat Johannes moes eet ook perspektiewe oor die pandemie:
  - Baie ongelowiges verloor hulle lus vir die lewe (5de trompet).
  - Baie ongelowiges gaan selfs dood (6de trompet).
  - Gelowiges beleef dieselfde pandemie (4de seël)
- Jy kan verder seker wees daar is wysheid in die pandemie: God het die wysheid daargestel, dit deurvors (seker gemaak dit is daar), dit gesien en nou vertel (laat gebeur):
  - Die wysheid in die pandemie is egter verborge. Die wêreld kyk dit definitief mis. Hulle sien net 'n pandemie. Luister maar na die nuus – dit gaan net oor die pandemie. Om dit te verstaan moet ons onthou die pandemie is deel van die gebeure in die skepping. Dit is dus deel van God se algemene openbaring. Perspektief oor gebeure soos hierdie is egter ook ingesluit in God se spesifieke openbaring aan die mensdom (die klein boekie, Bybel) waar God bekend gemaak het wat Hy daardeur wil bereik. Dit is egter net die gelowiges wat toegang het tot beide openbarings. Hulle moet die wysheid toon om ander ook tot wysheid te lei.
    - God, in Sy wysheid, bereik veelvuldige doelwitte deur die een virus:
      - Sommiges kom tot geloof kom deur die getroue getuienis van die gelowiges.
      - Terselfdertyd groei gelowiges en word meer gereed vir hulle heerlikmaking.
      - Gelowiges maak opnuut erns met hulle getuienisrol in die wêreld.
      - Die ongemerktes se harte verhard en word meer gereed vir die ewige dood.
      - Boonop is hierdie pandemie ook 'n oproep na die kerk om weer te besin of hulle nog getrou is aan die verwagtinge wat Jesus van hulle het.
  - Hierdie pandemie werk konstruktief na God se verborge bedoeling met alles.
    - Al meer met die seël van die lewende God op hulle voorkoppe, kom in.
    - Die geseëldes groei 'n stap nader aan heilige onberispelikheid sodat hulle meer gereed is om hulle loon te ontvang: om in heerlikheid om God se troon bymekaar te kom.
    - Al die ongemerktes laat nog 'n geleentheid tot bekering verbygaan en is meer gereed om saam met die Satan in die ewige dood te eindig.

Voorwaar: Covid19 is 'n handeling van die Alwyse God. Mag ons dit gebruik om self te groei in wysheid, en om baie tot wysheid te lei.